

Hemelhoë ambisie

Publikasie: USB Agenda

Datum: Oktober 2013

Die USB MBA-alumnus Nombeko Mbava kyk al van kleins af na die groter prentjie om te sien waar en hoe sy tot die toekoms kan bydra. En op die oomblik doen sy presies dit as werknemer by die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap. Sy het met **Cherice Smith** gesels oor haar pad tot dusver en haar planne vir die toekoms.

Die MBA-alumnus Nombeko Mbava het reeds as 'n Standaard 9-leerder by die Hoërskool Isilimela in Langa, Kaapstad, haar loopbaanambisies gevestig. Sy het oor die jare daardie ambisies in 'n florerende loopbaan omskep en nou werk sy as bestuursgedrag- en beplanningsbestuurder vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap (SANSA) in Pretoria.

“Ekonomie was een van my gunstelingvakke op skool. Ek was ook dol oor debatte. In een spesifieke debat in Standaard 9 het ek my saak oor waarom Suid-Afrika 'n oop ekonomie nodig gehad het, so goed gestel dat ek 'n geskenkbewys van Woolworths as prys ontvang het. Dit was die eerste keer dat ek akademiese sukses behaal het. Ek het net daar besluit dat ek 'n ekonoom wil word sodat ek raad kan gee oor ekonomiese beleid.”

As 1991 se top-matriekleerder van die destydse Wes-Kaapse Departement van Onderwys en Opleiding, het Nombeko 'n studiebeurs ontvang om by die Smith College in Massachusetts in die VSA te studeer. Sy het in 1996 'n Baccalaureusgraad in Ekonomie verwerf en in 2006 besluit om haarself met sake-opleiding te bemagtig. Nombeko het in 2008 haar MBA by die USB verwerf.

Met 'n MBA en meer as 10 jaar se ervaring in sake-ontleding, projekbestuur en strategiese beplanning in die petrochemiese bedryf en kleinhandelomgewing op haar kerfstok, is sy nou hoof van die Beplannings- en Prestasiebestuurseenheid by SANSA. Hier help sy onder meer SANSA se uitvoerende hoof en SANSA se raad om die organisasie se vyfjaar-strategieplan en die jaarlikse prestasieplan saam te stel.

Het sy ooit gedink sy sal vir 'n ruimteagentskap werk?

“Nee. Dit het my grootste verwagtings oortref,” antwoord sy oortuigend. “Die wonderlike ding van 'n MBA is dat die bestuursteorie in enige omgewing toegepas kan word. 'n MBA-alumnus kan basies enige tipe onderneming bestuur. Die MBA het vir my geleentheid geskep wat nie voorheen moontlik was nie,” verduidelik sy.

“Die MBA het my in staat gestel om 'n holistiese siening en begrip van bestuur as 'n vakgebied te hê. Dit stel jou in staat om te verstaan hoe al die bestuursfunksies – soos Menslike Hulpbronne, Finansies, Bemarking en Strategie – onderling verbind is. Die waarde van 'n MBA lê in die wonderlike sakekennis wat jy opdoen en wat jou lewenslank sal bybly.”

Twee goed dryf Nombeko in haar werk: visie en geleentheid. “Om deel van 'n organisasie te wees wat 'n duidelike visie en fantastiese leierskap het, maak my opgewonde. As jy vir my vra: Het SANSA 'n duidelike visie wat ek met my kop en hart aangryp? Voel ek trots om deel van hierdie organisasie te wees? My antwoord is 'n klinkende ja. Ek glo in ons visie wat wil seker maak dat Suid-Afrikaners, ons omgewing en die ekonomie voordeel trek uit ruimte- en -tegnologie. Dit is moontlik deur SANSA se verskaffing van produkte en dienste wat op ruimte gegrond is en wat navorsing en ontwikkeling, asook mensekapitaalontwikkeling in ruimte- en -tegnologie

fasiliteer. Om hierdie visie te behaal, sal beslis bydra tot die vooruitgang van ons land ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling, veral die ontwikkeling van ons kennisekonomie.

“Met hierdie einddoel in gedagte kan ek betrokke bly, in die oggend opstaan, werk toe gaan en trots wees op my werk by SANSA, want ek dra by tot die toekoms.”

Deel van Nombeko se sukses is die unieke vaardighede wat sy na die tafel toe bring. “Ek bring ’n pakket van waarde na my rol. Dit sluit in sterk organisatoriese en beplanningsvaardighede, uitstekende verslagskryfvaardighede en die vermoë om komplekse inligting in ’n duidelike en eenvoudige formaat oor te dra sonder om die essensie daarvan te verloor. Ek glo jou werkkuitsette spreek vanself en daarom bring ek my volle toewyding en bydrae na enige rol wat ek aanpak. Dit beteken om gehaltewerk van die hoogste standaard te lewer en om altyd na uitnemendheid te streef.”

Hoewel Nombeko reeds baie loopbaanprestasies behaal het, is daar een wat altyd bo die ander uittoon.

“Die wonderlikste oomblik van my lewe was beslis toe my naam by die gradeplegtigheid uitgeroep is om my MBA-graad te ontvang. Ek het na die podium toe gestap en voor wyle dr Frederik van Zyl Slabbert, wat toe die kanselier van die Universiteit Stellenbosch was en so ondersteunend was, gaan staan sodat hy die MBA-graad wat ek so graag wou hê aan my kon toeken. Daar was twee mense in die volgepakte ouditorium wat daardie oomblik selfs meer spesiaal gemaak het en sonder wie se teenwoordigheid die lofbetuiging niks sou beteken het nie – my bejaarde ouers. Op die ouderdomme van 81 en 89 het hulle daar gesit en stilweg die unieke belewenis ingeneem, en ek het so trots gevoel dat ek hulle nog daar kon hê om in my sukses te deel.”

As ma van ’n 13-jarige seun en ’n babaseuntjie, sê Nombeko sy moet haarself goed bestuur om op haar loopbaan en gesinslewe te fokus. Sy beplan egter reeds verdere studies. Haar langtermyn-loopbaandoelwit is om haar doktorsgraad te voltooi. Sy sien haarself oor tien jaar as ’n beleidsadviseur in regeringstrukture.

“Ek het deur die loop van my werk in institusionele en programevaluering begin belangstel om prestasie in die openbare sektor te verbeter. Dit het tot my deurgedring dat daar toenemende fiskale en openbare verantwoordelikheid van regeringsprogramme en -instansies verwag word. My navorsingsbelangstelling is om nuwe kennis vir meer ingeligte metodes en teorieë oor institusionele en programevaluering te skep om uitsette in die openbare sektor te verbeter. Ek is besig om my navorsingsvoorstel te finaliseer om vir ’n doktorsgraad by die USB in te skryf. Ek glo daarin om lewenslank te leer. Daar is altyd iets nuuts om te leer.”

Nombeko se loopbaanwenke

1. Jy moet die vermoë hê om goed saam met mense van verskillende agtergronde te kan werk. Jy kry resultate deur ander en die werk word gewoonlik makliker gedoen as jy oor goeie vaardighede beskik om verhoudings te kan bou.
2. Kry werk wat vir jou sinvol is sodat jy jou alles kan gee. Wanneer jy dit doen, word dit maklik om ’n diplomaat te wees vir die maatskappy waar jy werk.
3. Doen een of twee dinge goed en staan bekend as die kenner op hierdie gebied by jou werk.
4. Wanneer jy ’n pos verlaat, moet dit baie meer verryk wees as toe jy dit aanvaar het.
5. Maak dit jou doel om werk van die hoogste standaard te lewer – jou werk moet jou persoonlike handelsmerk verteenwoordig.